ds. PJ Kriel 02.20.2023

Inhoud Hierdie preek wys hoe Paulus in 1 Korintiërs 13 die verskil wys van heidense mense se liefde vir mekaar en Christene se liefde vir mekaar as mense. Christene se liefde is om hulself vir mekaar te gee en om ander wat hulself gee te aanvaar in die geloof dat hulle vir mekaar geregverdig en geheilig is deur Jesus Christus. Heidense liefde wil al en alles vir mekaar wees, selfloos, terwyl christene net hulself gee en ander wat hul self gee, aanvaar.

Skriflesing 1 Korintiërs 13; Rom. 12: 1,2; 13:8.

Teks 1 Kor. 13: 11 “Noudat ek volwasse is, het ek die dinge van ‘n kind agtergelaat.”

Tema Christus laat ons onsself diensbaar gee, nie selfloos gedienstig wees nie

1. Hoe verduidelik jy aan mense die liefde wat hulle vir mekaar glo en in mekaar beleef, is nie regtig liefde nie?

Dit is wat Paulus in 1 Kor. 13 doen. Hy wys vir Christene wat nog maar ongeveer 5 jaar gelede nog heidene was, en wie se familie nog altyd heidene was, dat die liefde wat hulle in die heidendom vir mekaar geglo en in mekaar beleef het, is nie Christelike liefde vir mekaar nie. Christelike liefde vir mense is iets anders as heidense liefde vir mense.

Paulus wys dit vir hulle na aanleiding van ‘n heidense godsdienstige gebruik wat hulle in die christelike eredienste indra. Dit is die gebruik wat Paulus noem engele-tale, maar wat hulle as ‘n goddelike taal geglo het. Wanneer hulle met hierdie gebrabbel in die eredienste begin het, wat menslik onverstaanbaar is, het hulle geglo dat met hulle gebrabbel is dit nie meer hulle wat met die mense by hulle praat nie, maar dat dit God is wat met ‘n goddelike taal deur hulle met mense praat.

Vandag word dit “spreek in tale” genoem, maar die heidense betekenis is nog dieselfde – dit is God wat ‘n menslik onverstaanbare goddelike taal gebruik om deur mense met mense te praat. In hoofstuk 14 ontgoddelik Paulus hierdie verskynsel en maak dit onverstaanbare danksegging van mense tot God, nie God wat onverstaanbaar deur mense met mense praat nie.

Hierdie heidense gebruik wat in die erediens ingekom het, het die Christelike liefde vir mekaar bedreig. Paulus wys in 1 Kor. 13. dat hierdie geloof in en ervaring van ‘n onverstaanbare goddelike taal wat mense met mense praat verdraai die liefde wat Christene vir mekaar het na die gewaande liefdes van die heidene vir mekaar. Hulle ervaar dat hulle selfbemagtiging om ‘n goddelike taal te praat. maak dat mense nou na hulle moet luister soos wat ‘n mens net na God se Woord moet luister. Hierdie aanmatiging dat as hulle praat is dit god wat praat en moet jy na hulle luister soos na God, is hulle selfliefde wat christelike liefde uit die gemeente verdring. .

In aansluiting by hierdie indra van hierdie heidense godsdiens ervaring wys Paulus dan in 1 Kor. 13 dat die liefde wat hulle as heidene vir mekaar geglo en in mekaar beleef het, is totaal iets anders as christelike liefde vir mekaar.

2. Paulus stel die kontras tussen hulle heidense liefde en christelike liefde vir mekaar, deur hulle heidense liefde te beskryf as ‘n drif vir alles sonder liefde. Heidense liefde is die drif om God se taal te praat – sonder liefde. Om die drif te hê om alle geestelike, spirituele kennis te wil hê – sonder liefde. Om goddelike kragte en magte te wil hê om die onmoontlike te kan bewerk – sonder liefde. En om in hierdie drif om alles vir almal te wees, wie jy as mens is op te gee, oor te gee, weg te gee en prys te gee. Dit is die drif om alles vir almal te wees deur selfloos te wees.

Ons mag Paulus hier nie misverstaan nie. Met hierdie kontras tussen of alles of liefde, wil hy nie wys jy moet net liefde bykry by jou drif om self niks te wees maar alles vir almal te wees nie. So asof jy net liefdevol in God se taal moet praat, liefdevol alle geestelike kennis wil hê, liefdevol met goddelike kragte die onmoontlike doen en liefdevol selfloos wees nie. Met hierdie kontras tussen alles en liefde wys hy dat alles is verkeerd in hierdie drif vir alles.

Hierdie wil en strewe na alles maak jou nie ‘n liefdevolle mens nie. Dit maak jou niks. Hierdie woord niks is die woord waarmee profete die liefdes in afgodsdiens beskryf het. Afgodsdienaars se liefdes vir hulle afgode is niks want hulle gode is niks en daarom is hulle liefdes vir mekaar in hierdie afgodsdiens ook niks nie. (2 Kon. 17: 15, Jer. 2: 5, Jer. 44: 9, Jes. 20: 17, 41: 9 en 29)

Om ‘n selflose mens te wees is nie om ‘n liefdevolle mens te wees nie. Selfloosheid maak jou nie liefdevol nie. Dit maak jou niks en niksseggend vir jou naaste. Totalitêre liefde van mense vir mense – is niks. Dit is gewaande groter en magtiger liefde as gewone liefde, maar dit is nie groter en magtiger liefde nie. Dit is ook nie gewone liefde nie. Dit is werklik net niks. Alles wat groter liefde, inniger liefde, intiemer liefde, beter liefde, magtiger liefde, kragtiger liefde en meer goddelike liefde as gewone menslike liefde vir jou naaste is, is niks.

Hierdie gewaande liefdes wat goddeliker en inniger as naaste liefde soos jouself is, is net ‘n weergalmende ghong – ‘n klank wat nie noot is nie maar net ‘n geraas. Dit is ‘n kletterende simbaal – klanke sonder die melodie van liefde. Dit is net liefde in naam sonder enige menslike liefde vir mense.

3. Teenoor hierdie selflose liefde wat alles wil wees en wil verander by die heidene staan die Christelike liefde vir mekaar. Volgens Rom. 12: 1 en 2 is dit om jou liggaamlik, jouself as mens diensbaar aan jou naaste te stel. ‘n Ma moet opstaan en haar self gee om haar kinders te versorg, ‘n pa moet liggaamlik werk toe gaan om homself as pa vir sy kinders te gee en kinders moet liggaamlik beweeg en doen wat hulle ouers sê om te doen om hulle self so as kinders aan hulle ouers te gee.

Hoe?

Paulus stel dat Christene dit doen op grond van die groot barmhartigheid van God wat hy in Rom. 1 tot 11 beskryf het – dat Christus ons insluit in wie Hy as mens is sodat Hy ons sonde en ons sy regverdigheid kan wees. (Rom.6) So leef ons altyd in die onskeidbare liefde van god vir ons. (Rom. 8) In hierdie liefde van god in Christus gee ons onsself skuldloos om mekaar lief te hê. (Rom. 13:8) Ons kan onsself gee in liefde sonder enige skuld teenoor mekaar vir die gebreke, die foute en sondes wie ons in onsself is en begaan, want ons glo ons onskuld in Christus vir mekaar.

Omdat ons onsself gee in hierdie geloof dat ons reg en heilig is vir God en hulle wat hulle self vir ons gee reg en heilig is vir God. Gee  ons onsself en aanvaar ons die wat hulle so aan ons gee. Ons glo in Christus se liefde vir ons en deel wie ons self is met mekaar.
Dit doen heidene nie in hul liefdes nie. Hulle wil selfloos alles wees en of alles opgee of ander alles laat opgee van hulself. Dit doen hulle in hul ongeloof in God só – ek is al wat jy het en jy is al wat ek het. Jy het nie God wat jou alles is nie want daar is nie ‘n God nie. Daarom is jy my alles en ek is jou alles.

Dit is hoe ouers kinders godloos grootmaak – ek is al wat jy, jy het nie ‘n God nie. Vir jou sorg en toekoms is jy net op my aangewese. Dit is ook hoe mense in die huwelik godloos leef – ek is al wat jy het, jy het nie vir God nie en jy is in alles op my aangewese. My man, vrou, kind, werk, volk, nasie of land is my alles!

4. Paulus noem die heidense liefde waar mense glo hulle is alles vir mekaar sonder God ‘n liefde wat niks is nie. Dit baar niemand niks nie. Hierdie liefde waarin hulle vir mekaar glo en in mekaar beleef bestaan glad nie.

Daarom noem hy dit ook ‘n kinderagtige liefde en noem hy die christelike liefde vir mense volwasse liefde.

Kinders glo en ervaar mag as liefde. Hulle is klein en wil groot wees en wanneer hulle soos groot mense behandel word is die vir hulle ware liefde. Hulle is as kinders onmagtig en daarom wil hulle altyd kragdadig wees. Hulle ervaar hulle kragdadigheid as selfliefde. Hulle is onbevoeg en daarom wil hulle altyd reg wees. Sou hulle een fout moes erken dan stort al hulle sekuriteit in mekaar. Daarom moet jy hulle lief hê deur hulle altyd reg te laat wees. Hulle is as kinders nog ontoereikend en daarom wil hulle altyd in beheer wees om nie hulle eie onmagtigheid te ervaar nie. Daarom ervaar hulle liefde altyd as om in beheer te wees en in beheer gelos te word.

Wie liefde so glo en beleef, dit maak ons groot, kragtig, reg en gee ons beheer, is nie met kinderagtige liefde besig. Liefde wat nie regtig volwasse liefde is nie.

Volwasse liefde is om jouself te gee en die ander wie hulself gee te aanvaar in die geloof dat ons vir mekaar geregverdig en geheilig is deur Jesus Christus. So kan jy jouself diensbaar gee in die wete van al jou foute,  gebreke en sondes en hulle wat hulself ook so gee, met hul foute, gebreke en sondes aanvaar.

Liefde is om jouself te gee en die ander wat hulself gee te aanvaar sonder die drif om daardeur groot te wees, kragdadig te wees, altyd reg en in beheer te wil wees. Liefde maak jou nie magtig nie, maar kosbaar. Maak jou nie kragdadig nie maar diensbaar. Maak jou nie reg nie, maar nodig en stel jou nie in beheer nie maar maak jou betroubaar.

5. Paulus stel nog ‘n kontras tussen heidense liefde vir mekaar en christelike liefde vir mekaar as liefde wat alles is en alles wil wees teenoor liefde wat ten dele is.

Hy verwoord dit so: “ Nou sien ons wel ‘n geheimenisvolle beeld, soos in ‘n spieël. Maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ons slegs gedeeltelik. ...” (13:12)

Hierdie is die kontras tussen liefde wat alles is en wil wees en liefde wat gedeeltelik is. Ons mag nie die fout maak dat gedeeltelike liefde, net ‘n bietjie liefde is nie, dit is volkome liefde, maar nie liefde wat alles is en wil wees nie.

Dit is liefde wat nie alles wil ken nie, maar net genoeg om te kan liefde hê. Daarom wil dit nie alles van my man, my vrou, my kind, ouer, werknemer of werkgewer weet om daardeur die gevoel van mag en beheer te wil hê nie. Dit is ‘n liefde wat mekaar net gedeeltelik ken en van mekaar ‘n beeld het wat geheimnisvol is, maar wat genoeg is om mekaar te kan liefhê.

Dit is liefde wat nie vir mekaar berge wil versit nie, maar net dit wat nodig is om mekaar te kan liefhê. Dit is nie liefde waarin jy jouself moet opgee, weggee, weg gee en prysgee nie, maar jouself moet wees om jouself in liefde te kan gee.

Christelike liefde vir mense is altyd om jou naaste soos jouself lief te hê – om jouself te wees tussen en vir mense as medemens. Dit is liefde vir jouself en jou naaste soos jouself en jou naaste. Dit kan nooit selflose liefde wees waarin jy self niks is en niks wil wees sodat mense in jou goddelike liefde moet voel en ervaar nie. Jy en jou naaste moet God liefhê met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte en nooit mekaar só, met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte jou medemens liefhê nie.

Dit is die sonde van heidense liefde, selflose liefde waarin mense in en vir mekaar glo in ‘n liefde tussen met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte – liefde waarin mense alles vir mekaar wil wees en so al is wat hulle het. Dit is liefde wat niks is en niemand iets baat nie.

In christelike naaste liefde gee mense hulself diensbaar aan mekaar. Selflose liefde maak mense gedienstig aan en afhanklik van mekaar